

# DIE JORDAANTJIE

## Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

20/2022

24 Junie 2022



### IN HIERDIE UITGAWE

#### UIT DIE KANTOOR

1. Skool sluit vir die vakansie
2. Netbal
3. Biathlé
4. Personeelverjaardae
5. Leerderraad vir 2022
6. Aktiwiteite tydens die vakansie
7. Akademiese Toer
8. Buite aktiwiteite
9. Skoolfonds



Baie sterkte aan Kylie van der Merwe en Simoné Knoetze wat die vakansie Suid-Afrika by die Freestyle Dans Wêreldkampioenskappe te Blackpool, Engeland gaan verteenwoordig.

### 2022 SKOOLKWARTALE

- 1ste:** 12 Januarie – 17 Maart  
**2de:** 5 April – 24 Junie  
**3de:** 19 Julie – 30 September  
**4de:** 11 Oktober – 14 Desember

### UIT DIE KANTOOR

En so kom ons aan die einde van 'n lang en besige kwartaal. Dit was weer 'n kwartaal, soos voor die Covid-inperkings, van baie aktiwiteite wat parallel saam met die skoolwerk geloop het. Dit het beteken dat ons by die skool baie keer planne moes maak met die skoolprogram om seker te maak dat die akademiese werk steeds die regmatige tyd kry. Ons is baie dankbaar dat ons leerders so goed gevaar het in alle afdelings van die skool. Ons leerders het in groot getalle deelgeneem aan aktiwiteite en daar was talle hoogtepunte deur die kwartaal, wat 'n getuigskrif van harde werk deur afrigters en spelers was. Ons weet ook dat u as ouer 'n groot aandeel daarin gehad het deur u kinders rond te karwei, te motiveer en baie keer finansiële kostes daarvoor moes aangaan. Op akademiese gebied het die personeel ook hard gewerk om seker te maak dat alle werk volgens die kurrikulum afgehandel is. Jordania se Beheerliggaam het ook gesorg dat ons die nodige ondersteuning by die skool het om vir ons leerders die beste moontlike fasiliteite te bied om goed te kan vaar. Baie dankie aan elke leerder, ouer en personeellid vir julle 100% gesindheid teenoor ons skool tydens hierdie besige kwartaal. Spanwerk is wat Jordania onderskei van ander skole. Lekker vakansie hou, en as die brandstofprys dit toelaat dat u kan ry, moet u veilig ry. Seën vir almal.

*"If everything is under control, you are going too slow."* Mario Andretti

#### 1. Skool sluit op 24 Junie om 10:00 vir die wintervakansie

Die skool sluit vandag, 24 Junie om 10:00 vir die wintervakansie. Na die vakansie open die skool weer op Dinsdag, 19 Julie om 07:30 vir alle leerders.

#### 2. Netbal

Tydens die afgelope naweek se Vrystaat skole netbalkampioenskappe vir o/12 en o/13 spanne het ons spelers uitstekend gevaar. Baie geluk aan die o/13A span wat 2de eindig en daarmee kwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Skoletoernooi deel te neem. Dit vind in Augustus te Boksburg plaas. Die o/12A span het hulle ook uitstekend van hul taak gekwyd en in die 4de plek geëindig. Baie geluk aan die spanne en hul afrigters, Casper Knoester en Natasha Burger.

#### 3. Vrystaat Biathlé

Tydens die SA Kampioenskappe het ons leerders as volg gevaar:

o/11: Lané Fouché – 16de

o/13: Anabelle Bezuidenhout – 23ste; Miné Joubert – 25ste; Aneldi Bezuidenhout – 26ste

o/15: Simoné Pretorius – 18de; Elanri du Randt – 21ste

100% Jorries

## Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania


Posbus 474, Bethlehem, 9700

Tel: 058 303 4116 / 5918

Faks: 058 303 4264

Epos: [jordania@jordaniapri.co.za](mailto:jordania@jordaniapri.co.za)

[www.jordaniaprimer.co.za](http://www.jordaniaprimer.co.za)



### EERSTE WEEK VAN VOLGENDE KWARTAAL SE PROGRAM

Ma, 18 Jul: Akademiese toer vertrek

Di, 19 Jul: Skool open om 07:30  
Akademiese Toer

Wo, 20 Jul: Akademiese Toer

Do, 21 Jul: Leerderraad inhoudiging

Vr, 22 Jul: Mental Maths (Jordania)  
Rapporte gaan uit  
Landlooptliga (Caritas)

Sa, 23 Jul: o/11 en o/13 7's rugby (Graanv)



### BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool

Absa Bethlehem


Tjekrekening

Nommer: 770430038

#### 4. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat gedurende die vakansie verjaar:

- 26 Junie: Riza Fourie
- 27 Junie: Pieter Roos
- 6 Julie: Kayla Posthumus
- 8 Julie: Alina Sebeko
- 12 Julie: Eunice Phokonyane
- 13 Julie: Elca van den Berg



#### 5. Leerderraad vir 2022

De volgende leerders is tot die Leerderraad vir 2022 verkies (alfabeties):

##### Dogters

Mia Daacke  
Cara de Beer  
Kara du Toit  
Linique Human  
Lize Janse van Rensburg  
Ané Joubert  
Lanri Labuschagne  
Carli Uys  
Judie Uys  
Lizma Wandrag

##### Seuns

Janco Botha  
Grové du Preez  
Xander Fourie  
Ethan Helmand  
Edward Kirstein  
Francois Maree  
Vanni Rooiland  
Jan-Willem van den Berg  
Christiaan Venter  
Heiken Venter

Baie geluk! Die Leerderraad gaan verskeie projekte vir die res van die jaar aanpak. Die ander Graad 7 leiers sal steeds hul pligte as deel van die Jorrieraad uitvoer.

#### 6. Aktiwiteite tydens die vakansie

Talle van ons leerders is verkies tot provinsiale- en streekspanne wat die vakansie aan toernooie gaan deelneem. Die toernooie is as volg:

- o/12 Rugbytoernooi (Klerksdorp)
- o/13 Cravenweek en XV-Tal toernooi (Krugersdorp)
- o/13 Rugby VKB week (Frankfort)
- o/12 en o/13 Netbal All Ages toernooi (Boksburg)
- o/12 en o/13 Streekshokkietoernooi (Pietermaritzburg)
- o/13 SA IPT Hokkietoernooi (Stellenbosch)

Baie sterkte aan al ons leerders en personeel wat betrokke is.

#### 7. Akademiese Toer

Die jaarlikse akademiese toer vind plaas vanaf 18-20 Julie. Graad 4-6 leerders wat in die vorige jaar 'n akademiese gemiddeld van 84,5% en hoër gehandhaaf het mag elke jaar hierdie toer meemaak. Hierdie jaar gaan die leerders 'n paar interessante plekke besoek en aan aktiwiteite deelneem rondom Pretoria en noord daarvan. Ons glo dat almal dit leersaam sal vind en dit baie sal geniet.

#### 8. Buite aktiwiteite

**Drama:** Xanyke Swart in Graad 7 (foto langsaan) is na vele oudisies van ABS produksies gekies om 'n kursus saam met akteurs soos Desiré Gardner, Vilje Maritz en Izak Davel by te woon. Deel van die prys is ook om 'n rol in 'n kortfilm te vertolk. Die kortfilm se naam is *Om te behoort* en word tans in Boksburg verfilm. Dit gaan later vanjaar op nasionale televisie vertoon word. Baie geluk!

**Wiskunde:** Baie geluk aan Tyge Brits in Graad 1 wat 'n goue medalje behaal het in die A+ Wiskunde streekskompetisie te Bloemfontein.

#### 9. Skoolfonds

Baie dankie aan al ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal. Maak asb. seker dat alle uitstaande skoolfonds tot aan die einde van die 2de kwartaal betaal is. Kontak Alta de Beer met enige navrae.

# girlschool.

a course for pre-teen girls aged 8-12

learn more about **YOU**

..... WWW.GIRLSCHOOL.CO.ZA .....

Bethlehem

## Hoekom Girl-school?

In vandag se wêreld, waar meisies vinniger as ooit grootword, is dit ons verantwoordelikheid om te verseker dat ons alles doen wat ons kan om hulle toe te rus met bemagtigende gereedskap en vaardighede om die wêreld te konfronteer met selfvertroue, selfrespek en skoonheid wat van binne skyn.

## Onderwerpe wat ons dek

- Wat beteken dit regtig om "'n dame" te wees
- Die belangrikheid van "innerlike skoonheid"
  - \* Ouderdomsgeskikte persoonlike sorg
  - \* Praktiese, ouderdomsgeskikte veelsorg en handversorgingsessie (so lekker!)
- Ontwikkel 'n positiewe selfbeeld & ontdek jou "superpower" om beheer te neem oor jou gedagtes
  - \* Tafel etiket
  - \* Eerste indrukke
- Om my liggaam lief te hê en te respekteer as 'n geskenk van God
  - \* Ontwikkel goeie postuur
- Omhels jou uniekheid en leer om minder te vergelyk
- Praktiese gereedskap om jou te help om vir jouself op te staan
- PLUS baie pret, lag en die maak van spesiale herinneringe!

## Wat is Girl-school?

Girl-School is 'n unieke kursus, aangebied in 'n prettige en bemagtigende omgewing. In 'n wêreld waar mense na gemeenskap en aanvaarding smag, vorm die meisies 'n "susterskap" waar geen oordeel toegelaat word nie. Meisies waardeer die 'kleiner' ruimte waar hulle veilig voel & waar hulle net hulself kan wees. Daar is krag daarin om te hoor hoe ander meisies ook hul stories deel! ('Ek is nie die enigste een nie!')

Alles wat ons by Girl-School doen is gebaseer op Christelike waardes.

Kursus materiaal is spesifiek ontwerp om meisies beter voor te berei vir hul tienerjare en daarna.

## Hoe werk dit?

Die kursusse word aangebied deur 'n opgeleide "Girl-School" onderwyseres.

Al die inhoud is ouderdomsgepas.

Ons bied 'n 1 dagkursus vir graad 1 tot 3 en 'n 2 dagkursus vir graad 4 tot 7 meisies aan gedurende die skoolvakansies of as 'n 70 minute klas een keer 'n week oor 15 weke.

Na suksesvolle voltooiing ontvang die meisies 'n Girl-School Sertifikaat. Klasse is beskikbaar in Engels en Afrikaans.

Besoek ons webwerf vir beskikbare kursusdatums.

0833955273

[sjhanet@theconfidenceco.co.za](mailto:sjhanet@theconfidenceco.co.za)

<https://bethlehem.girlschool.co.za/>





**JULY  
TOY SALE**  
**10% OFF ON ALL TOYS**



**DEMZA BETHLEHEM**  
+27 71 123 3204  
BETHLEHEM@DEMZA.NET

**DEMZA SASOLBURG**  
+27 71 123 6640  
SASOLBURG@DEMZA.NET

**DEMZA KROONSTAD**  
+27 71 123 2088  
KROONSTAD@DEMZA.NET

**DEMZA VANDERBIJLPARK**  
+27 97 094 0500  
VANDERBIJLPARK@DEMZA.NET

**DEMZA WELKOM**  
060 549 9295  
WELKOM@DEMZA.NET


**Sylvanian Families®**



**JOHN DEERE**



*Barbie*



# NETBAL AKADEMIE

Plek:  
Jordania Netbal bane  
Begin: 20 Julie



Hoër Grade lesse ook  
beskikbaar op aanvraag

Graad RR & R:  
Netbal reëls, Voetwerk, Spel Speel &  
Balvaardigheid - 1uur les  
Maandae/Woensdae 15H00 -16h00

Graad 1 - 2:  
Netbal reëls, Voetwerk, Spel Speel &  
Balvaardigheid 1uur les  
Maandae/Woensdae 16H00 -17h00

Graad 3 - 4:  
Netbal reëls, Voetwerk, Spel Speel &  
Balvaardigheid 1uur les  
Maandae/Woensdae 17H00 -18h00

Lyndall Kemp 0829612782



R250 per maand  
(4 Lesse) of R65  
per les

Bankbesonderhede:  
L Kemp  
FNB - 60241366174  
Verw: Naam & Graad



# Lyndon van der Haer Tennis-Academy



- To develop every player to his/her full potential.
- Private/Group lessons daily to students of all ages and levels.

**082 441 6379**

## KLINIEK KLINIEK

### ■ BEGINNERS TOT GEVORDERDE BEGINNERS

- DATUM : 12-14 JULIE 2022
- TYD : 09:00 TOT 12:00
- WAAR : JORDANIA LAERSKOOL TENNISBANE
- Koste : R450,00 per speler

### ■ INTERMEDIêRE TOT GEVORDERDE SPELERS

- DATUM : 12-14 JULIE 2022
- TYD : 10:00 TOT 13:00 EN 14:00 TOT 17:00
- WAAR : JORDANIA LAERSKOOL TENNISBANE
- Koste : R450,00 per speler

### INDIVIDUELE LESSE TYDENS JUNIE/JULIE VAKANSIE

- 6 x 60 min individuele lesse = R1020
- 6 x 30 min individuele lesse = R690
- 6 x 45 min individuele lesse = R780
- 3 x 30 min individuele lesse = R375
- 4 x 45 min individuele lesse = R580
- 6 x 60 min individuele lesse = R1550



✓ **SLUITINGSDATUM VIR KLINIEK: 3 JULIE 2022**

**Vir verdere inligting skakel my gerus  
Lyndon 0824416379**



**Tina  
Cowley**  
Bethlehem

## **GRAAD 5 - 7 STUDIE KURSUS**

**Studie kursus vir Graad 5 - 7  
wat die volgende insluit:**

- Hoe om te studeer en op te som
- Hoe om te beplan
- Hoe om makliker te onthou
- My brein dominansie

**12 | 13 & 14 JULIE 2022**

**Registreer teen 15 Junie vir die kursus**

**SKAKEL PAUL  
VIR MEER  
BESONDERHEDE**

**083 459 1358**

**TINACOWLEY.BHM@OUTLOOK.COM**







# CODING BOOTCAMP

Discover the wonderful world of Coding!



MAANDAG 4 JULIE - VRYDAG 8 JULIE  
09:00 - 12:00



AT BETHLEHEM ACADEMY'S  
ROBOTICS & CODING LAB  
vanaf Grade 4

R750 p/p  
Only 10 spaces  
available

CONTACT JOHAN LESLIE TO BOOK YOUR CHILD'S SPOT:

072 224 9583



Introduction to Coding!





# SPORT DEVELOPMENT



**Ages**  
**7-13**

**BOOK NOW!**



076 233 2353

27 de Leeuw str.  
Bethlehem

**AGES**  
**3-7**

# MOTOR DEVELOPMENT

Hand-eye coordination  
Foot-eye coordination  
Body awareness  
Spatial orientation  
Balance  
Left-right discrimination  
Color recognition

**+ much more**



**076 233 2353**

**27 de Leeuw str., Bethlehem**

